Dit is nogal interessant / om op te merk / wat 'n vername rol / sekere koerante en tydskrifte / gespeel het / in die stigting / van die ou plaaslike banke / in die Kaapkolonie / en die aanmoediging / van bankwese in die Vrystaat. (15)

---

## SIVIELE DIENS EKSAMENS.

## AFRIKAANSE EKSAMENS, 1924.

**(Trap 1.)**

**(Twee uur.)**

1. Kies vraag (*a*) of (*b*).

(*a*) Skryf 'n brief van omtrent 20 reëls aan 'n vriend, waarin u hom iets van u werk meedeel.

of

(*b*) Skryf 'n opstel van omtrent 20 reëls oor een van die volgende onderwerpe:

( I) Die huis waarin ek woon.
( II) Blomme.
(III) My leesboek.
(IV) Klere. (45)

2. Gee die trappe van vergelyking van:

dof, nuut, grys, vernuftig, graag, dikwels. (6)

3. Gee die meervoud van:

kans, bak, kolonel, liefde, kalf, hoendervoer, ma, drif, lepel, hoera, industrie, wetenskap. (6)

4. Beantwoord die volgende vrae in goeie sinne:

(*a*) Hoe laat is dit?
(*b*) Waarmee is u besig?
(*c*) Hoeveel Afrikaanse boeke het u al gelees?
(*d*) Van watter soort vrugte hou u die meeste?
(*e*) Waarmee skryf u gewoonlik?
(*f*) Watter maande van die jaar val in ons winter?
(*g*) Waarmee gaan u elke môre na u kantoor?
(*h*) Was u al in 'n vliegmasjien?
(*i*) Van watter jaargety hou u die meeste?
(*j*) Wat maak u gewoonlik saans? (10)

5. Vertaal:

DIE „BIRKENHEAD".

In 1852 stuur die Engelse regering tussen vier- en vyfhonderd troepe met die transportskip „Birkenhead" na Suid-Afrika. Hulle land eers by Simonsbaai, maar 'n paar dae later vaar hulle vandaar om na Algoabaai. Die see was stil en so glad soos 'n spieël. Die ligte in die kajuite was uit en die mense aan boord slaap heerlik, toe die skip in die middel van die nag meteens 'n geweldige skok kry. Die skip kraak en beef van agter tot voor; die slapers spring verskrik op en hardloop na bo. Naby Danger Point het die skip op 'n rots geloop. (15)

Kajuit — cabin. Beef — to tremble.

6. Vertaal:

1. Die eksamenwerk het ons die hele jaar deur besig gehou.
2. Die klerk sal die brief tik as hy maar net weet wat hy moet sê.
3. Gister was die kantoorseun afwesig en toe het hulle my rondgestuur.

4. As die weer so swaar is en dit blits so baie, dan voel 'n mens maar nie lekker nie.
5. Voordat die meisie met haar werk kon begin, moes sy eers papier, ink, 'n pen, 'n potlood, en 'n uitveër hê.
6. U het seker die kennisgewing gesien, nè?

---

## AFRIKAANSE EKSAMENS, 1924.

### (Trap 2.)

### (Drie uur.)

1. Skryf 'n opstel van ongeveer 35 reëls oor een van die volgende onderwerpe:

   (*a*) Op kantoor.
   (*b*) Waarom ek lees.
   (*c*) Spoorweë.
   (*d*) By die see.
   (*e*) Die waarde van blomme. (40)

2. Maak sinne van die volgende woorde:

   afhanklik, lewer, maatskappy, potlood, hardloop, kontant, vensterruit, vertrou. (12)

3. Skryf een van die volgende briewe:

   (*a*) Waarin u om een of ander rede 'n maand verlof vra. Gee ook die antwoord.
   (*b*) Waarin u vra om na 'n ander departement oorgeplaas te word. Gee ook die antwoord. (18)

4. Beantwoord (*a*) of (*b*).

   (*a*) Vul die regte voorsetsel in:

   Die hoed lê ...... die tafel. Hy mag nie ...... die toestemming van sy sjef weggaan nie. Van

die dorp ...... Mnr. Schutte se plaas is vyf myl. Die Voortrekkers het ...... die Drakensberge na Natal gegaan. Ek het 'n appeltjie ...... jou te skil. Die stoel staan ...... die skryftafel. Dis ontleen ...... die leier se toespraak. Hy vertaal ...... Engels ...... Afrikaans.

(*b*) Gebruik die regte vorm van die byvoeglike naamwoord:

(goed) vrou; (hard) klippe; (vroeg) môre; (stout) kind; (geestelik) gebied; (bruin) perd; (nuut) boek; (finansieel) sake; (dood) bees; (kurkdroog) hout; (bedroef) man; (lief) mens. (6)

5. Vul die regte vorm van die werkwoord in:

Môre ek vroeg na my kantoor (gaan). Die kaptein gister twee bokke (skiet). Die winkelier vroeg (opstaan). Mnr. Erasmus tot Parlementslid (kies). Ek môre voetbal (speel) maar nou ek siek (is). Die meisie (slaap), terwyl die ander hulle met dans (vermaak). Die dobbelaar al sy geld (verloor). Gister my vriend na Bloemfontein, vandag my suster en oormôre ek ook (vertrek. (8)

6. Gee 'n kort opsomming in Engels van die inhoud van die volgende stuk:

DIE PAGTERSKEMA.

Dit skyn baie jammer te wees, dat die Edele Minister dit nie nodig geag het, om eers in nouer aanraking met die boer te kom, eer hy met sy „Pagterskema" voor die dag gekom het nie. Dit sou hom die kosbare tyd gespaar het wat hy daaraan bestee het.

Die hele skema is onprakties om twee redes: Geen boer gaan hom laat voorskrywe deur die „Welvaartsbeampte" nie; en geen boer gaan hom laat verbind deur die kontrak, waarin hy verantwoordelik sal gehou word vir die terugbetaling van die geld wat deur die Regering toegestaan word nie, en wat dan nie eers die reg sal hê om die „pagter" voor te sê wat hy moet doen buite die werk voorgeskrywe in die kontrak nie.

Natuurlik ons weet die skema kan alleenlik in die lewe geroep word met die vrywilligheid van die boer. Maar dit is juis om hierdie rede dat daar niks van sal kom nie.

Die boer wat die noodsaaklikheid insien om die armblanke vraagstuk te help oplos, het alreeds arm famielies op sy grond. Die meeste wat nie 'n arm famielie op hul grond het nie, is hulle wat sê: die arm witmense is slegter as Kaffers. Dit is hierdie boer wat moet aangemoedig word, nie deur die pagterskema nie, maar deur die vereiste wetgewing. (16)

---

## AFRIKAANSE EKSAMENS, 1924.

**(Trap 3.)**

**(Drie uur.)**

1. Skryf 'n opstel van omtrent 50 reëls oor een van die volgende onderwerpe:

   (*a*) My kantoor.

   (*b*) My geliefkoosde koerant.

   (*c*) In die somer.

   (*d*) Die lewe in 'n dorp.

   (*e*) Aanhou wen. (30)

2. Verbeter die volgende sinne:

U brief van die 18de het ek eers gister geontvang.

Toe die antwoord het gekom, was dit al te laat.

Die groottte bome bloei al.

Die ouer het geen brief aan sy stout kind geskryf.

In die vroe more het ek al opgestaan.

Die poliesieman het die beskuldigde aansê om teenwoordig te wees.

Die klerk het die korrespondensie eers ondergeteken, voordat hy dit verstuur het.

Die regerings departemente het baie werk.

Hy het beweer dat daar niks gebeur het.

Die grof papier skryf nie lekker nie. (10)

3. Gebruik die volgende woorde of uitdrukkings in goeie sinne:

Met betrekking tot; voorspoedig; lewering; ontvangs; aansoek; beleefdheid; per kerende; aflewering; herhaalde; reken op. (10)

4. Skryf een van die volgende briewe:

(*a*) Waarin 'n boer die betrokke departement meedeel, dat hy vyf beeste verloor het, deurdat hulle dooie sprinkane gevreet het; hy skryf dit aan die spuitery toe en vra kompensasie. Gee ook die antwoord.

of

(*b*) Waarin u om verhoging van salaris vra. Gee ook die antwoord. (20)

5. Gee 'n kort opsomming van die inhoud van die volgende brief:

Kalkoenkrans,
P. K. PALMIET,
7 Oktober, 1924.

Die Sekretaris van Arbeid,
Unie-gebou,
PRETORIA.

*Welede Heer,*

Ek neem die vryheid om onderstaande aan u te skryf. Dis 'n kwessie, wat my al lank besiggehou het, maar ek het al die tyd gewag, om te sien of 'n invloedryker persoon die kwessie nie sal aanpak nie, en ook, omdat my stem sou gewees het as die stem van 'n roepende in die woestyn.

Deur die aanhoudende droogte, wat ons ou landjie byna onafgebroke van af 1917 teister, en waardeur ons boere belet is om weer effens op die been te kom, en boonop die miriade sprinkane, wat op ons landjies losgelaat is, ja, daardeur word ek nou geroep om my hart te uit.

Ek woon al tussen die dertig en veertig jaar in hierdie omstreke en dis die grootste ellende wat ek nog ooit gesien het. Die boer, die ruggraat van 'n land, moet nou gehelp word. Maar hou die boer op die plaas, anders gaan hy dorp-toe en gaan verlore. Die Regering moet hom op die land hou en nie eers wag tot hy in die dorp is nie. Hy moet gehelp word om moed te bly hou.

Graag sou ek nou die volgende wil aanbeveel:

1. Die Goewerment moet dadelik 'n moratorium uitvaardig om die handelaar te belet om die plaas

in hande te kry. Die boer het al so baie skuld gemaak, dat die hele plaas sal moet gaan. Wat word dan van hom?

2. Die mense moet werk kry. Solank as hulle iets verdien sal hulle moed hou. Hou hulle nou aan lewe, totdat tye beter word. Hier is nou 'n pragtige kans om 'n spoorweg vir hierdie afgeskeepte dele te bou.

3. Verder moet die Regering so gou moontlik vir kos en klere sorg. Verkoop dit op krediet teen kospryse. Nou ly die arme mense, vrouens en kinders onbeskryflik. Hier het u nou 'n kans om iets te doen.

As u meer besonderhede wil hê, sal ek dit graag verskaf. Ek hou vol dat dit goeie besigheid is, om die mense dadelik te red.

Met die meeste hoogagting noem ek my,

U dw. Dienaar,

P. J. VERSTER. (15)

6. Vertaal die onderstaande brief in Afrikaans:

8 Maitland Street,
Sixth Avenue,
Rosebank,
10th June, 1924.

The Secretary,
The Transvaal Education Department,
PRETORIA.

*Dear Sir,*

As I have completed five years continuous service on the permanent teaching staff, I wish to apply for six months leave to commence from next January.

I intend to go on a trip to Europe, and have wondered wheter it will be possible to have my salary paid in advance for that period. As my request is somewhat out of the ordinary, I shall be very much obliged if it can be complied with.

Trusting that you will consider the matter closely, I look forward to a favourable reply.

I have the honour to be,

Sir,

Your obedient Servant,

T. NIX. (15)

7. Verbeter die drukfoute in die volgende stukkie drukwerk:

Johannesburgse brigte toon an dta besighiet in timerhoud bevreedigend is, en dat voorade voldoende is. Kaapstade timmerhouthandelaars berig 'N gering Verbetering, met kleiner Voorade en vastere pryse; dog in Durban is die bsegheid goed in die meeste soorte van bouwmateriaal met uitsondering van timmerhoud waarvoor dit aanvraag verminder, en waarin pryse afgebreng woord. Dit word verwagt dat voorade van dede, ens. nou sal minder word totdat nuwe in september en Oktober weer aankom. (10)

## AFRIKAANSE EKSAMENS, Junie, 1925.

### (Trap 1.)

### (Twee uur.)

1. Beantwoord vraag (*a*) of (*b*).

(*a*) Skryf 'n brief van omtrent 20 reëls aan 'n vriend oor die vakansie wat u net gehad het.

of

(*b*) Skryf 'n opstel van omtrent 20 reëls oor een van die volgende onderwerpe:

( I) In die winter.
( II) Bome.
(III) By die see.
(IV) Modes. (45)

2. Gee die trappe van vergelyking van:

goed, ru, dwaas, nuut, hemelhoog, kragtig. (6)

3. Gee die meervoud van:

maat, bos, beurs, hemp, weg, ouderling, industrie, verpligting, kalf, grief, massa, indiwidu. (6)

4. Beantwoord die volgende vrae in goeie sinne:

(*a*) Watter maande het die meeste dae?
(*b*) Is daar een of ander Afrikaanse boek waarvan u baie hou?
(*c*) Oefen u u baie in die gebruik van Afrikaans?
(*d*) Wat vind u die moeilikste in die studie van Afrikaans?
(*e*) Van hoe laat tot wanneer is u bedags op kantoor?
(*f*) Van watter dag hou u die meeste?
(*g*) Waarom hou u so baie van hierdie dag?

(*h*) Waarmee skryf u gewoonlik?
(*i*) Het u al ooit 'n seereis onderneem?
(*j*) In watter land sou u die graagste wil woon? (10)

5. Vertaal:

( I) Ek kan dit nog nie verstaan hoe hy al sy werk so gou klaargemaak het nie.
( II) Tik hierdie brief en stuur 'n kopie aan elke departement.
(III) Dit tipiste het haar werk so goed verstaan dat daar selde 'n fout in haar spelling was.
(IV) U sal die werk nog vandag doen, nè?
( V) Die kantoorseun is heeltemal vertroubaar, daarom laat ek hom vername werkies doen.
(VI) Eergister het ek eers om halftien op my kantoor gekom, maar van naasoormôre moet ek vroeër begin. (18)

6. Vertaal:

WALPOLE.

Walpole was meer as twintig jaar Eerste Minister van Engeland en het in die tyd die handel en skeepvaart bevorder sonder om in oorlog te kom met ander lande. Hy word genoem die vredeminister. Hy het darem gesorg vir 'n sterk vloot, want hy het begryp dat daar vroeër of later tog weer 'n oorlog sou kom tussen Engeland en Frankryk. In 1793 het die Parlement teen sy sin besluit om oorlog te verklaar teen Spanje, want die Spaanse regering het order gegee om al die Engelse skepe wat van die kus van Spaans-Amerika kom te ondersoek. (15)

# AFRIKAANSE EKSAMENS, 1925.

## (Trap 2.)

### (Drie uur.)

1. Skryf 'n opstel van ongeveer 35 reëls oor een van die volgende onderwerpe:
   (*a*) Die Suid-Afrikaanse natuur.
   (*b*) 'n Donderstorm.
   (*c*) My daelikse werk.
   (*d*) Koöperasie.
   (*e*) Die mooiste boek wat ek nog gelees het. (40)

2. Gebruik elkeen van die volgende woorde in 'n goeie sin:
   regeer, afreken, lessenaar, kladpapier, moeilikheid, spoorweg, onafhanklik, bepaal. (12)

3. Skryf een van die volgende briewe:
   (*a*) Waarin u die betrokke outoriteite meedeel dat u in 'n sekere eksamen geslaag het en nou verhoging van salaris vra. Gee ook die antwoord.

   of

   (*b*) Waarin 'n kliënt beweer, dat hy sekere goed al 'n maand gelede van 'n handelaar bestel het, en al die tyd nog niks ontvang of gehoor het nie. Gee ook die antwoord. (18)

4. Gebruik die regte vorm van twaalf van die volgende byvoeglike naamwoorde:
   (privaat) onderneming, (dood) perd, (maatskaplik) gebied, (kurkdroog) tabak, (beproef) klerk, (hersien) druk, (prinsipieel) beswaar, (goed) gewoonte, (klein)

kamer, (gekap) hout, (wild) plant, (swart) kat, (dwaas) onderneming, (goud) ketting, (onnosel) kêrel, (hemelhoog) berg, (skurf) vloer.

(6)

5. Maak die volgende sinne volledig:

(*a*) Omdat ek hom nie vertrou het nie, het ......
(*b*) Ek kon nie skryf nie, want ...............
(*c*) Die hoof sê toe aan my, dat ...............
(*d*) Vanaand moet die pos weg, al ............
(*e*) Aangesien ek my uiterste bes gedoen het, ....

(9)

6. Gee 'n kort opsomming in Engels van die inhoud van die volgende:

BESKAAFDE ARBEID.

Toe die saak laas deur die Raad bespreek is, het ek drie punte aangeroer met betrekking tot beskaafde arbeid. In die eerste plaas het ek gesê, dat dit my gevoele is dat die betekenis van beskaafde arbeid verduidelik en vasgestel moet word deur die Parlement, sodat blankes sowel as gekleurdes ten volle sal besef wat beskaafde arbeid werklik beteken. Die rede waarom dit nodig is, is omdat albei seksies van die bevolking belang het by die saak van arbeid, en dat dit die regte van blankes en gekleurdes raak; ek het daarom gesê dat ek dink die uitleg, die toepassing van beskaafde arbeid nie aan die willekeur van enige minister oorgelaat behoort te word nie. Ek het toe daarby gevoeg dat die vrees onder die gekleurde en naturelle-bevolking bestaan dat aan hulle miskien deur die toepassing daarvan onreg aangedoen sal word, en dat hulle enige reg wat hulle sover gehad het, om op die spoorweë of enige Regeringswerk te werk, ontsê kan word. My twede punt

was dat ek gevra het of die Agb. Minister oortuig is dat die aanwend van beskaafde arbeid ekonomies gesond is, en of die gepaard kan gaan met die vermindering van die spoorwegtariewe. My derde was of die Minister heeltemal oortuig is dat die toepassing van beskaafde arbeid die beste manier is om ons blanke mense op te hef en ook tegnies bekwaam te maak vir iets beters en hoërs vir hul toekomstige lewe. Ek beskou hierdie derde punt as van groot belang, en ek het dit daarom onder die aandag van die Raad gebring. (15)

---

## AFRIKAANSE EKSAMENS, Junie, 1925.

### (Trap 3.)

### (Drie uur.)

1. Skryf 'n opstel van omtrent 50 reëls oor een van die volgende onderwerpe:

   (*a*) Koerante.
   (*b*) Organisasie.
   (*c*) Tweetaligheid.
   (*d*) Die toekoms van die lugvaart.
   (*e*) „Wie nie werk, sal nie eet nie." (30)

2. Gebruik die volgende in goeie sinne:

   staat maak op; teleurstel; versoek; afskrif; bewaring; ontvangs erken; kwaad stook; uithou; aflewering; aanteken. (10)

3. Verbeter die volgende sinne:

   (*a*) Nooit wou ek glo, dat hy so'n skurk is.
   (*b*) Tien dae nadat sy brief geskrywe is, het ek dit eers geontvang.

(*c*) Ons lyk ons nuwe hoof gladnie.

(*d*) Die kantoor ure is so lang, dat ons regtig moeg word.

(*e*) Die baas was baie ontevrede, want hy het eers teen halftien opgedraai.

(*f*) In die vroë more gaan ek eers na die swembad.

(*g*) In tien dae het die kaffers maar drie bome gekap.

(*h*) Dit het vanjaar so baie gereen, dat die meeste milies versuip het.

(*i*) Niemand kon ver die ongeluk verantwoordelik gehou word.

(*j*) Die wereld draai nog altyd op sy glad baan. (10)

4. Skryf een van die volgende briewe en die antwoord:

(*a*) Waarin 'n boer skadevergoeding van die betrokke departement eis, omdat die trein 'n waardevolle bees van hom doodgetrap het. Gee ook die antwoord.

of

(*b*) Waarin u om die een of ander vra om na 'n kusstad verplaas te word. Gee die antwoord ook.

(20)

5. Gee 'n kort opsomming van die inhoud van die volgende:

BOU VAN KOELKAMERS.

Die skema sal die groot koelkamermaatskappy nie alleen onskadelik maak nie, maar hulle sal moontlik ook hulle deure moet sluit. As die boer goed georganiseer word, dan glo ons nie eers dat dit tot die bou van ander noemenswaardige koelkamers sal kom nie, om die eenvoudige rede dat die meeste groot maatskappye, en veral die Europese, wat solank baas gespeel het, werksaamhede sal moet staak of hulle inrigtinge aan die Regering

of die boereliggame teen redelike prys verkoop of verhuur. 'n Verstandhouding sal ook getref kan word om die boer se vee te slag, opberg, en verskeep teen 'n vergoeding wat vir albei bestaanbaar is. Wat die aard van die reëling ook al sal wees as die organisasie grondig is, sal die produsent nie alleen meer vir sy vee kry nie, maar die verbruiker sal ook minder vir vleis betaal as wat nou die geval is. Dit sal 'n natuurlike gevolg daarvan wees.

Die tyd is verby dat boere in so'n onderneming hulp van die Regering kan verwag sonder dat hulle georganiseer is. Om die groot voordele van hierdie koelkamerskema te kan kry, sal veeboere hulle oor die hele land in veeboere-koöperatiewe vereniginge moet vorm met 'n sentrale uitvoerende bestuur, wat die hele beheer sal voer. Dieselfde wetlike status wat aan die Koöperatiewe Wynbouersvereniging gegee is, sal daardie uitvoerende liggaam ook moet kry om die man wat sy slagvee aan die smous of spekulant wil verkoop, gewillig of ongewillig kraal-toe aan te keer.

Die kwessie van eie slaghuise sal moontlik ook te berde gebring word, maar in hoeverre dit uitvoerbaar is sal die tyd moet leer. Ons persoonlike opienie is dat die boer die kleinhandel met rus moet laat.

Onder so 'n pragtige organisasie sal dit nie meer betaal en ook nie meer nodig wees nie om slagvee uit D. S. W. Besjoeanaland, Griekwaland Wes en dele van die Oranje-Vrystaat na die Kaap te vervoer om geslag te word. De Aar sal die groot middelpunt wees waar vee geslag en in koeltrokse na sekere hawens of ander stede vervoer word. Deur verkorting van die afstand sal die dier nie alleen in 'n beter toestand na die slagpaal gebring word nie, maar die spoorvrag vir die vleis sal ook aansienlik minder wees as wat dit vir die dier was. (10)

6. Vertaal die onderstaande brief in Afrikaans:

5 Pretorius Street,
Wellington,
7th May, 1925.

Mr. P. W. SCHOENMAN,
Kleinbegin,
PARYS.

*Dear Sir,*

I return the letter you handed me recently, and have to inform you that I have personally investigated the circumstances of Mr. Franches' case, but I regret to say that I am unable to withdraw the claim for maintenance. Besides, the Department concerned is unwilling to postpone the case.

Unless Mr. Franches is prepared to adjust the matter fortwirth, I am afraid there is no alternative but to allow the case against him in the court to proceed.

Yours sincerely,

A. G. ROBETS. (14)

7. Verbeter die drukfoute in die volgende stukkie werk:

„Ek het ok een van diee snaakse drome wat my pla", së Wolhutter. Ek droom dat dit n Uwemaan is en ek vlieg door die lig of n graaf, wat ek zoos 'n perd ry. Deur die heerlike naglug vlieg ek tussen die sterre heen; reguit na die maan. Asek die maan nader, sien ek dat die onderste Punt stikkend is en Ek voel, dat ek dit ers moet herstel. Maar net so's ek daar aankom en van dei graag wil afklim, om gaarmee die breuk te repareer, bars darr iemagd agter mei uit om te lag. (6)

# AFRIKAANSE EKSAMENS, 1925.

## (Trap 1.)

**(Twee uur.)**

1. Beantwoord vraag (*a*) of (*b*):

(*a*) U het onlangs 'n reis per trein onderneem. Skryf nou 'n brief van omtrent 20 reëls aan 'n vriend en vertel hom die een en ander van wat u gesien het.

of

(*b*) Skryf 'n opstel van omtrent 20 reëls oor één van die volgende onderwerpe:

( I) Die dorp waarin ek woon.
( II) In die somer.
(III) Voëls.
(IV) Die nut van Spoorweë. (45)

2. Gee die verkleinwoorde van:

Boom, ketting, les, kalf, skoen, riet, gang, stoel, geraamte, stoep, pondok, kar. (6)

3. Gee die meervoud van:

Boot, bos, waterwiel, indiwidu, majoor, lepel, massa, industrie, kors, dief, trein, sekretaris. (6)

4. Beantwoord die volgende vrae in goeie sinne:

(*a*) Hoeveel keer gaan u elke dag van u kantoor huistoe?
(*b*) Waarmee gaan u na u werk?
(*c*) Van watter tyd van die jaar hou u die meeste?
(*d*) Was u al ooit in 'n vliegmasjien?
(*e*) Hoeveel maal per jaar kry u vakansie?

(*f*) Het u die son al baie sien opkom?
(*g*) Wie is u geliefkoosde skrywer? Waarom?
(*h*) Watter boeke het u al in Afrikaans gelees?
(*i*) Wie is die bekendste Afrikaanse digters?
(*j*) Watter meubels gebruik u in u kantoor? (10)

5. Vertaal in Engels:

(*a*) Ek kan die kaffer nie langer vertrou nie.
(*b*) Die hoof van ons afdeling gaan jaarliks na die Kaapse strand.
(*c*) Die ywerige boer is die hele dag op sy plaas besig.
(*d*) Waarom het jy eergister, toe ek jou om halfelf verwag het, nie gekom nie?
(*e*) Koop vir my ook 'n kaartjie, want ek wil nie sonder een in die trein klim nie.
(*f*) As ek die trem bytyds kan haal, gaan ek met jou saam. (18)

6. Vertaal in Engels:

LASTIGE LEEUS.

Op 14 Junie het die leeus my beeste uit die kraal gejaag, hoewel die krale maar 'n paar tree van die woonhuis is. 'n Myl daarvandaan het ons op die plek gekom waar 'n bees dood lê, en 'n paar bure en ek het daar waggehou. Ons het tot middernag gesit, toe ons die honde by die huis hoor blaf. Ons is terug huis-toe, en net toe my bure my verlaat het, hoor ons weer die honde blaf. My vrou en dogter het na buite gehardloop met 'n lig en parafien en het die vure aan brand gesteek, maar ons was te laat. Die leeus het hierdie keer vier kalwers, omtrent 100 tree van die huis, gevang. (15)

---

## AFRIKAANSE EKSAMENS 1925.

**(Trap 2.)**

**(Drie uur.)**

1. Skryf 'n opstel van omtrent 35 reëls oor één van die volgende onderwerpe:

   (*a*) Blomme.
   (*b*) Ons Parlement.
   (*c*) Op kantoor.
   (*d*) My Vaderland.
   (*e*) Vrouestemreg. (40)

2. Gebruik die volgende in goeie sinne:

   Huishouding; bestuur; groei; sekretaris; hou van; vrugte; skelmpies; notule. (12)

3. Skryf één van die volgende briewe en die antwoord:

   (*a*) Waarin u u werkgewer om drie dae ekstra verlof vra.

   of

   (*b*) Waarin u aansoek doen vir 'n pos by een of ander winkelbesigheid. (18)

4. Vul die regte voorsetsel in:

   ( I) Hy betaal ses pennies ...... die koppies tee.
   ( II) ......elfuur gaan ek slaap.
   (III) Vertaal hierdie stuk ...... Engels ...... Afrikaans.
   (IV) Die kind maak staat ...... sy pa.
   ( V) ...... die end van die jaar skryf ons eksamens. (3)

5. Gebruik die regte vorm van die Byvoeglike naamwoord:

   (Sosiaal) gebied; (wit) perd; (skurf) hande; (kinderlik) vertroue; (gekartel) hare; (swak) kind. (3)

6. Voltooi die volgende sinne:

   1. Toe ek tuis kom, ........................
   2. Die moeder het kos gekook, terwyl ........
   3. Ek sal my bes doen, mits ................
   4. Die kaffer het nie weggeloop, omdat ........
   5. Hoewel die kind stout was, het ............
   6. Al het hy hard gewerk, tog ................

(9)

7. Gee in Engels 'n opsomming van die volgende:

HOE DIE SOELOES REGEER WORD.

Aan die hoof van elke stam staan 'n kaptein en onder hom, met verantwoordelikheid aan hom verskuldig, kom die hoofmanne of indoenas, oor die verskillende hoofmanskappe, terwyl elke kraal onder 'n kraalhoof of familievader te staan kom.

Die Opperste Hoof voer alle mag en gesag oor die nasie, naasteby volgens dieselfde wette en gewoontes wat die Soeloekoning dit sou gedoen het. Deur sy amptenare stel hy die kapteins aan en sit hulle ook af, wanneer sulle hulself aan enige politieke vergryp, waardeur die rus en vrede van die gemeenskap in gevaar mag loop, skuldig maak, of wanneer hulle onbekwaam is vir die werk en pligte aan hulle toevertrou. Hy het ook absolute mag om van die kapteins in tye van oorlog manskappe vir die inwendige verdediging van die land te eis en kan ook die kapteins self met hulle indoenas en die kaffers vir sulke militêre diens in die veld roep. Hy het ook die reg om die kaffers op te roep om op openbare werke te kom werk, teen 'n beloning natuurlik. In die ou dae is van hierdie reg nogal baie gebruik gemaak in verband met die padmakery, maar nou gebeur dit maar selde dat van 'n kaptein verlang word, om mense vir dié doel

te verskaf. Net enkele male, wanneer die kaffers in die reserwes trek om hutbelasting in te vorder, b.v. word die kapteins gelas om te sien, dat die paaie na die verskillende plekke waar opgaaf betaal moet word, rybaar is. Dit word gedoen sonder enige vergoeding, maar dis natuurlik in hulle eie belang en gewoonlik paaie wat nooit anders gebruik word nie. (15)

---

## AFRIKAANSE EKSAMENS 1925.

### (Trap 2.)

### (Drie uur.)

1. Skryf 'n opstel van omtrent 35 reëls oor een van die volgende onderwerpe:
   (*a*) Die waarde van tentoonstellings.
   (*b*) Droogte.
   (*c*) 'n Donderstorm.
   (*d*) Die skeepstaking.
   (*e*) In ons tuin. (40)

2. Gebruik die volgende woorde in goeie sinne:
   Verlos, aanhou, vergeetagtig, besuiniging, besef, dikteer, lessenaar, gitswart. (12)

3. Skryf één van die volgende briewe en ook die antwoord:
   (*a*) Waarin u vra om na 'n takbesigheid van u firma verplaas te word.

   of

   (*b*) Waarin u u hoof herinner dat hulle beloof het om u van hierdie maand 'n verhoging van salaris te gee. (18)

4. Gebruik die regte voorsetsels:
   ( I) Hou vas ...... wat jy het.
   ( II) Praat nie ...... hom ...... die saak nie.
   (III) Doen jou bes en jy sal suksesvol wees ...... jou werk.
   (IV) Maak nie staat ...... die kêrel nie.
   ( V) Ons gaan ...... vertroue die toekoms tegemoet.

(3)

5. Gebruik die regte vorm van die Byvoeglike naamwoord:
   (maatskaplik) gebied; (swart) wolk; (vernederend) versoek; (ru) soldate; (diep) sloot; (vroeg) môre.

(3)

6. Voltooi die volgende sinne:
   1. Al het ek eers so gesê, tog ..............
   2. Hy sal vooruitgaan, want ..............
   3. As gevolg van sy verlies ..............
   4. Hoe verder hy loop, hoe ..............
   5. Tensy ek siek is, kan ................
   6. My ouers kon nie verstaan, dat ........

(9)

7. Gee 'n Engelse opsomming van die inhoud van die volgende:

VERPLIGTE KOÖPERASIE.

Daar bestaan ongetwyfeld baie verskil van mening oor die kwessie of verpligte koöperasie in ons land 'n gesonde beginsel is of nie. Dit moet eintlik nie nodig wees om 'n mens te verplig om te koöpereer nie. Dis dan ook merkwaardig om te sien dat iedere seksie van die samelewing skyn te verstaan dat koöperasie hulle behoud is, behalwe die boere. In watter rigting 'n mens ook al kyk, orals hoor en sien 'n mens, dat groepe persone wat dieselfde belange het, saamwerk om daardie belange te bevorder. Slagters, winkeliers, haarsnyers, prokureurs,

messelaars, dokters, winkelbediendes, smits, skilders, ens., ens., het almal hul verenigings of unies waardeur hulle saamspan in belang van hulle verskillende beroepe of vakke, maar dit gaan hard (swaar) om dit by die boere te kry.

Ons weet dat die boere van alle lande konserwatief is en dis ook miskien baie goed, maar dis tog 'n feit wat soos 'n paal bo die water staan, dat die boer die voordeel van koöperasie nie genoeg wil insien nie. Daar kan moontlik baie goeie redes bestaan waarom hy teen koöperasie is, maar as 'n mens die redes nagaan, dan sal jy altyd ontdek dat die mislukkings op koöperatiewe gebied in meeste gevalle by die boer self moet gesoek word. Daar is uitsonderinge, maar hul bevestig tog die reël. Neem byvoorbeeld die geval van 'n graankoöperasie wat bankrot gegaan het en waardeur die lede groot somme moes terugbetaal. In hierdie geval het die lede van daardie koöperasie 'n groot mielieoes verwag en die direkteure het probeer om kontrakte te sluit met die myne. Hulle het daarin geslaag en die pryse wat hulle aangebied het, nl. 12s. per sak van 203 pond, het gunstig gelyk. (15)

---

## AFRIKAANSE EKSAMENS, 1925.

### (Trap 3.)

### (Drie uur.)

1. Skryf 'n opstel van ongeveer 50 reëls oor één van die volgende onderwerpe:

(*a*) Die naturellekwessie.
(*b*) Gee ons goeie paaie.
(*c*) „Leef en laat leef".
(*d*) Uitverkopings.
(*e*) Gelyke regte vir dames. (32)

2. Gebruik die volgende in goeie sinne:

   Verklaring; verskoning; bevel; vertrou; eienskap; toebehoort; aanhou win; hou van; houding inneem; grens. (10)

3. Verbeter die volgende:

   (*a*) Nooit het ek kon dink, dat dit sy eië werk is.
   (*b*) Ek nie het gekom om jou selg te sê nie.
   (*c*) Die hard vloer verniel my skoenne.
   (*d*) Die wit meisie kyk agter die kind.
   (*e*) Die skoolseun doen sy uiters bes.
   (*f*) Ek sal gaan as hy my vra wil.
   (*g*) Hoe gaan dit nou met jy? Weet jy jou les?
   (*h*) Hoe en laë bome kry in die somer blare. (8)

4. Skryf één van die volgende briewe en ook die antwoord:

   (*a*) Waarin u 'n boer vra of u op sy plaas kan gaan jag.

   of

   (*b*) Waarin u 'n uitgewer vra of hy gewillig is om 'n sekere boek wat u geskryf het, uit te gee. (20)

5. Gee 'n kort opsomming van die inhoud van die volgende:

DIE KAPTEIN SE KRAAL.

Geen kaffer mag sonder enige goeie rede in die kaptein se kraal kom nie, en enige kaffer wat sonder 'n goeie verdediging daar gevang word, of wat die rus en die vrede in die buurte van die „Umnumzana" se hut verstoor, kan op las van die kaptein gearresteer en vir die oortreding na die magistraatshof gebring word vir verhoor. Die kaptein het geen mag van kriminele regspraak nie en moet alle misdaad dadelik aan die poliesie rapporteer en die misdadigers of verdagte persone laat vang en aan die poliesie oorhandig.

Ons sien dus dat die kaptein heelwat meer as vleis eet en bier drink en vroue trou te doen het. En as beloning vir sy werk, kry hy die eer van sy pos wat hy beklee, sy salaris, waar hulle salarisse kry (almal word nie betaal nie; in Soeloeland geskied dit net by hoë uitsondering), die verhoorgelde van siviele sake, die boetes deur hom opgelê, en die reg om eerbied en gehoorsaamheid van sy mense te verg (demand).

Die hoofman of indoena, wat soos ons gesien het, deur die kaptein aangestel word, onderhewig aan die goedkeuring van die magistraat, is op sy beurt weer verantwoordelik teenoor die kaptein vir die goeie gedrag van sy mense in die wyk waaroor hy aangestel is, wat bestaan uit 'n sekere aantal krale wat aan sy sorg toevertrou word. Hy moet alle buitengewone gebeurtenisse van enige aard dadelik onder die aandag van sy kaptein bring en tree sonder enige vergoeding as bemiddelaar op in alle geskille oor tuingronde en weiveld, en waar een of albei van die partye nie in sy uitspraak wil berus nie kan hulle die saak as 'n siviele hofsaak voor die kaptein bring, met die reg van appèl na die magistraat.

Verder moet hy toesien dat geen kaffer sy kraal verwyder uit sy wyk of 'n nuwe kraal daar kom oprig, sonder die toestemming van die kaptein nie en hy moet die plekke vir die oprigting van nuwe krale aanwys, sodat dit nie te veel afbreuk doen aan die gemeenskaplike weiveld nie. (10)

6. Vertaal in Afrikaans:

THE "RIGHT A-WAY".

With the advent of the locomotive there was introduced the warning-whistle announcing the departure of all trains from platforms, but in this connection the

South African Railways have framed a regulation banning the warning in respect of all passenger trains leaving platforms. The regulation has been published departmentally not publicly; the idea being that in due course passengers will realise that the warning has been discarded. From the viewpoint of safety, however, there remains a great deal to be said in favour of the continuance of the old regulation.

7. Verbeter hierdie drukproef en lê die papier in u antwoordeboek:

'n Eertydse booswagter wat nou hierlangs boer en wAt sy hele lewe lang hier gewoon het, skot die aantal leeus op 19,000. my vriend, Pieterse het n riviergrens van dertien mlye lank teenoor die Reserwe en heet opgemerk dat wild baaie minder is Omtrent tien ja argelede was dar nog duisnede sebras, maar nou isdaar nie mee mie. (6)